**Sondag 25/8**

**BYBELSONDAG**

**09:30 Nagmaal / Kategese**

Deuroffer: Kospakkie projek

Diensbeurt: Crassula

**Erediens Jongensklip 10:00**

Gelei deur

Ds.Werner van den Heever

**Sondag 1/9**

NASIONALE BIDDAG VIR DOWES

DANKOFFERSONDAG

**09:30 Erdiens / Kategese**

Deuroffer: Herberg Tehuis

Diensbeurt: De Baan

**Sondag 8/9**

TOERUSTINGSONDAG

**09:30 Erediens**

**Kategese Heidehof kuier Gr7-9**

Deuroffer: Durbanville kinderhuis

Diensbeurt: De Kuil

DIENSNUUS

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

## Wag voor jou mond

Ons het die afgelope tyd deur interessante tye gegaan. Ek wil begin met die Olimpiese spele. Die opening seremonie was vir baie skokkend. Vir my ook. Vinnig het klomp mense op hul sosiale blaaie geklim en hul mening en kritiek uitgespreek.

Dit het later duideliker geword dat baie van ons vinnige kritiek nie noodwendig al die inligting gehad het nie, en moes ons maar net stil verdwyn terwyl ons wel probeer sin maak van `n paar onsinnige gebeure. Ten spyte van min agtergrond inligting oor die spele se opening is daar tog iets te sê oor wat ons sien in die uitbeelding van kulturele waardes. Daar is iets te sê oor die uitbeelding van die morele verval van die wêreld, ook "my" wêreld. Ons spring dit nie vry nie. Ons is deel van `n gebroke wêreld.

In Caledon het ons dit ook baie duidelik besef die laaste twee weke. Ons het ook goeie dinge beleef, waar mense mekaar ondersteun, vir mekaar bid, saam soek na God in die moeilike tyd. Dit maak my hart bly.

Ek wil wel die een les wat ek weer geleer het die laaste twee weke en ook met die Olimpiese spele hier deel. Praat stadiger. Moet nie vinnig oordeel nie. Moet nie stories versprei nie. Dis woorde wat Salomo ons al in die wysheid spreuke leer. Ons/ek is so traag met die lesse.

Jy ken die storie van die vere kussing? Ek vertel dit kortliks soos ek dit onthou. Daar was een maal `n dorpie `n tannie wat `n skinderstorie oor vertel het. Sy het dit saggies in sommige van haar vriendinne se oor gefluister. Later het hul mans die storie begin oorvertel waar hulle gekuier het. Die storie het `n ander persoon in die dorp in `n baie slegte lig gelaat. Eendag het die tannie besef dat die storie nie waar was nie.

Die feite was verdraai. Sy het na haar geestelike leier gegaan en vir hom vertel dat sy `n groot fout gemaak het. Sy het `n storie wat onwaar was versprei. Die persoon waaroor dit gaan se lewe is nou baie moeilik omdat mense die storie glo. Die leier het vir haar gesê sy moet `n vere kussing vat en die vere op die stoep uitgooi. Dan moet sy gaan slaap en weer die volgende dag na hom toe kom.

Die volgende dag het die vrou by die leier kom draai. Sy het gevra wat nou? Hy sê toe vir haar om die vere weer te gaan optel. Sy was ontstel want die wind het die vere die dorp vol gewaai. Hy sê toe vir haar. “Dis ook so met die stories wat ons vertel van ander... ons kan dit nie weer gaan optel nie.”

Ons het gesien hoe stories, en veral ook in die media en koerante versprei het die laaste tyd. Ons weet hoeveel van daardie stories nie waar was nie. Daarom doen ons weer `n beroep op elke persoon, maar veral van ons gemeente. Moet nie stories versprei nie, moet nie skinder nie, moet nie op sosiale media opmerkings maak nie, dit versprei vinnig. Kom ons leef eerbaar met mekaar.

Ek is dankbaar vir `n gemeente wat samehorigheid gewys het die afgelope tyd en daardeur die laste van mense gedra het. Ons dank God vir elke omgee hart en al die ondersteuning in ons gemeenskap. Ons weet liefde dryf vrees en selfsug uit. Ons weet God is by ons en Sy Lig skyn helder in donker tye.

**Preeknotas 24 Aug 2024**

Gesonde fondasie: Mat.7:21-29

- Ons almal weet wat gebeur as die fondament swak is en `n storm kom. Dit lei na verwoesting.
- Wat is die waarde fondasie van jou geloof en jou gesin? Jou lewe?
- Jesus leer ons met gesag, anders as die wêreld.

Jesus gee 3 boublokke:

1. Verhouding, met God deur Hom wat ons verbind.
   Jesus is die Rots
   Jesus is die Meester werker
2. Gehoorsaam (Hoor en doen)
   Dissipline, werk, en volhard.
3. Verstaan ewigheid.
   Die evangelie is `n ewige evangelie
   Deel van standvastige verandering vir ewige Koninkryk



## Huweliksviering wegbreek:

**13-15 September**

Daar is plek vir  10 paartjies by Andrew Murray Retraite Sentrum in Wellington.

Bespreek dis asap by Dewald of Nicolaas.

Elke paartjie gaan met eie vervoer. Etes is ingesluit in die prys.

Sondag oggend is dit elke man se kans om sy vrou vir 'n brunch iewers te neem - die sentrum gee net koffie en beskuit Sondae.

Ons arriveer van 16:00 Vrydag middag en vertrek na koffie en beskuit Sondag oggend.

Totale koste is R2700 (baie minder as 'n jagnaweek). Ons gaan ongelukkig nie vir die kinders verblyf kan kry die naweek nie - dit is dus 'n man en vrou alleen naweek.

Hierdie is die eerste van die soort inbou in ons huwelikke wat die geleentheid bied om te sorg dat ons saam met mekaar ons Here dien.  Kom geniet dit dus.




## BybelSondag 2024

Deur al die jare het die Algemene Sinode die laaste Sondag in Augustus as Bybelsondag uitgeroep. Dit is ook so op die Algemene Sinode se kerkkalender aangebring. Dit was uit dank gedoen omdat die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel op 27 Augustus in gebruik geneem is. Deur al die jare vier die Bybelgenootskap saam met gemeentes die laaste Sondag van Augustus as Bybelsondag.(Sommige hou dit wel op ‘n ander Sondag). Dan fokus ons op die Bybel en die invloed wat die Bybel op elke Christen se lewe het. Dit is ook ŉ tyd waar ons vir die Here dankie sê vir al die vertalingsprojekte. Dat ons aan die een kant ŉ Bybel in Afrikaans het en aan die ander kant - daar steeds nuwe vertalings gedoen word. Dit word gedoen sodat alle mense die Bybel in hulle eie taal kan lees. Daar is nog verskeie inheemse tale wat nog nie ŉ Bybel in hulle eie taal het nie.

Verlede jaar het ons die 90- jarige viering van die Afrikaanse Bybel gehad.

**Op die oomblik is ons besig met die vertaling van : Khoisan Tale naamlik  Xun en Kwedam. Dan is daar ook besig met vertalings in Khelobedu en TjiHlanganu (hulle is in Mpumalanga).**

# Voorbidding

HELENE ROSSOUW (WABOOMSKLOOF)

AP ERASMUS (SENTRALE)

LOHETTE DE WET (FREESIA)

RIETTE STEYN (DE KUIL)

JAMES SMAL (DIEPGAT)

RELEEN SWART ( VELDBLOM)

OUNOOI VAN STRAATEN (GOUDINI)

KITTY LOUW (FYNBOS)




| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Bernalee | Noeth | 08/23 | 27788717798 |
| Heinrich | Schönfeldt | 08/24 | 27825571964 |
| Isabelle | Smal | 08/24 | 27845111677 |
| Tonie | Linde | 08/25 | 27732774550 |
| Rahna | Matthee | 08/25 | 27731725544 |
| Dan | Swart | 08/25 | 27737713253 |
| Liné | Van der Merwe | 08/25 | |
| André | Boshoff | 08/26 | 27829211601 |
| Elmi | Theron | 08/26 | |
| Willem | Van Deventer | 08/26 | 27832888763 |
| Christa | Van Rensburg | 08/26 | 27828319290 |
| Marina | Van Wyk | 08/26 | 27721977894 |
| Jana | Lubbe | 08/27 | |
| Martin | Eksteen | 08/28 | 27793770816 |
| Charlene | Mc Gregor | 08/28 | 27763791559 |
| Inge | Smit | 08/28 | 27794925227 |
| Tobias | Van Rensburg | 08/28 | 27823068161 |
| Dané | Kershoff | 08/29 | |
| Tollie | Lourens | 08/29 | 27824887654 |
| Carla | Whiteman | 08/29 | |

## matriek 2024

Ons benodig asb items vir ons matriekboksies. (20 van elke item)
Kontant bydrae kan ook gemaak word.
Baie dankie dat ons altyd op julle kan staatmaak.
(Kan afgegee word by Kerkkantoor.)



Beste dames

Ons wil jul hartlik uitnooi om deel te raak van Caledon Kersmark. Die mark vir die gemeenskap. Kom werk saam met ons om die Kersmark weereens hierdie jaar onvergeetlik te maak. Ons benodig 'n paar ekstra hande met hierdie heerlike projek.

Daar is 'n gaatjie vir almal om te vul.

Indien jy belangstel kontak vir:

Chrisna – 082 944 4505

Heleen – 083 477 2617

Elanza – 072469 4759

Caledon Kersmark
'n Fees van geskenke

Om deel van die Caledon Kersmark te wees is 'n fees!

## Tulbagh kinderhuis uitreik.





Ons het al ons geskenke en gaan die 24ste kinderhuis toe.
Ons gaan hulle bederf met Boerewors rolle
Cupcakes
Speletjies
Gesig verf
Spookasem en nog vele meer.

Mariette Pretorius

Badisa Caledon

Badisa Caledon benodig ''n Selfoon of tablet waarmee hulle met hul kliënte in kontak kan bly. Enige persoon wat een het wat hulle wil skenk of kan borg sal hulle dit baie waardeer.

Baie dankie

LIEDBOEK VAN DIE KERK

Ons is op soek na ''n grootdruk Liedboek as enige persoon een het wat hulle nie meer gebruik nie.

Baie dankie

19 en [illegible] Julie

Jeug [illegible] Jeug).
5 [illegible] ug

3
B [illegible] g


4
Gr.4-6 Kamp
30 Aug – 1 Sept

5
Huweliksviering
13-15 Sept

6
Matrieksafskeid
19Sept

7
Gr.7 Kamp
23-27 Sept

8
Veeveilling
26 Sept




# Tyd spandering

## So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**

**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**



Snap here to pay
SnapScan

**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag 7:00AM-1:00PM- 2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**

Moet nie hierdie geleenthede mis nie!







